Downloaded from testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

## NOVEMBER 2021

## GRAAD 11

## REKENINGKUNDE
## VRAESTEL 1

EXEMPLAR

**TYD:** 2 uur

**PUNTE:** 150

**12 bladsye + 1 formuleblad en 'n antwoordboek van 10 bladsye**

Downloaded from testpapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin AL die vrae beantwoord moet word.
3. 'n FORMULEBLAD vir die finansiële aanwysers word voorsien aan die agterkant van die vraestel. Jy kan dit gebruik indien nodig.
4. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jou mag 'n nie-programeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Waar van toepassing, moet alle berekenings tot EEN desimaalpunt gegee word.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om NIE daarvan af te wyk nie.

| VRAAG | ONDERWERP VAN DIE VRAAG | PUNTE | TYD IN MINUTE |
|---|---|---|---|
| 1 | AARP & Vaste Bate Nota | 30 | 24 minute |
| 2 | Inkomstestaat | 40 | 32 minute |
| 3 | Balansstaat | 50 | 40 minute |
| 4 | Ontleding en vertolking | 30 | 24 minute |
| **TOTAAL** | | 150 | 120 minute |

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 1: AARP & VASTE BATE NOTA** **(30 PUNTE; 24 MINUTE)**

**1.1 KONSEPTE**

1.1 Vul die ontbrekende woord(e) in. Skryf slegs die korrekte woord(e) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

1.1.1 … is die oorblywende waarde van ŉ bate nadat die waardevermindering volledig afgeskryf is.

1.1.2 … is ŉ stel beginsels waarvolgens finansiële state opgestel word.

1.1.3 Die … beginsel bepaal dat alle inkomste verdien, en uitgawes wat aangegaan word, vir dieselfde finansiële periode getoon moet word.

1.1.4 … is ŉ toegerekende uitgawe.

1.1.5 … is ŉ negatiewe bate. (5)

1.2 **VASTE BATE NOTA**

Jy word voorsien van die volgende inligting uit die boeke van Good Place Handelaars.

**GEVRA:**

1.2.1 Bereken die waardevermindering op toerusting vir die jaar geëindig 31 Desember 2021. (5)

1.2.2 Bereken die waardevermindering op voertuie vir die jaar geëindig 31 Desember 2021. (8)

1.2.3 Voltooi die Vaste Bate Nota tot die Finansiële State op 31 Desember 2021. (12)

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



**INLIGTING:**

**A Die onderstaande inligting is 'n uittreksel uit die Vooraansuiwerings Proefbalans van Good Place Handelaars.**

**Lys van saldo's op 31 Desember 2021**

| | |
|---|---|
| Voertuie | 2 680 000 |
| Toerusting | 810 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | 1 060 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | 240 000 |

**A Toerusting**

- Nuwe toerusting met 'n kosprys van R120 000 is gekoop op 01 Oktober 2021. Geen inskrywing is gemaak vir die transaksie nie.
- Waardevermindering op toerusting word afgeskryf teen 20% p.j met behulp van die kosprys metode.

**B Voertuie**

- Een van die afleweringsvoertuie was verkoop vir R190 000 op 01 Julie 2021. Die voertuig was gekoop op 01 Julie 2019 vir R320 000. Die opgehoopte waardevermindering op die voertuig op 01 Januarie 2021 was R46 400.
- Waardevermindering op voertuie word afgeskryf teen 10% p.j. met behulp van die verminderde saldo metode.

**30**

EXEMPLAR

**VRAAG 2: INKOMSTESTAAT** **(40 PUNTE; 32 MINUTE)**

Die inligting verskaf hieronder word uit die boeke van Westville Handelaars geneem.
Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2021.

**GEVRA:**

Stel die Inkomstestaat op vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021. (40)

Downloaded from testpapers.co.za



**INLIGTING:**

**A Vooraansuiwerings Proefbalans op 28 Februarie 2021**

| **Balansstaat Rekening Afdeling** | **Debiet** | **Krediet** |
|---|---|---|
| Kapitaal [01/03/2020] | | 510 000 |
| Onttrekkings | 204 000 | |
| Grond en geboue | 450 000 | |
| Voertuie | 210 000 | |
| Toerusting | 123 700 | |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | | 94 500 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | | 43 500 |
| Vaste Deposito: Nedbank [8% p.j.] | 125 000 | |
| Lening: Nedbank [12% p.j.] | | 390 000 |
| Handelsvoorraad | 174 120 | |
| Debiteurekontrole | 59 500 | |
| Voorsiening vir oninbare skuld | | 3 500 |
| Bank | 29 320 | |
| Kleinkas | 1 000 | |
| Wisselgeld | 3 000 | |
| Krediteurekontrole | | 110 280 |
| **Nominale Rekeninge Afdeling** | | |
| Verkope | | 954 300 |
| Koste van verkope | 467 630 | |
| Debiteureafslag | 28 620 | |
| Oninbare skuld | 1 020 | |
| Skryfbehoeftes | 12 520 | |
| Verpakkingsmateriaal | 13 670 | |
| Salarisse en lone | 175 170 | |
| Water en elektrisiteit | 45 210 | |
| Versekering | 15 460 | |
| Advertensie | 17 080 | |
| Telefoon | 21 570 | |
| Motoruitgawes | 25 840 | |
| Herstelwerk | 13 710 | |
| Korting toegestaan | 11 070 | |
| Korting ontvang | | 17 550 |
| Bankkoste | 3 560 | |
| Rente op oortrokke rekening | 1 610 | |
| Huurinkomste | | 99 750 |
| Rente op vaste deposito | | 10 000 |
| | **2 233 380** | **2 233 380** |

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



**A Aansuiwerings en addisionele inligting**

i. Fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2021 toon die volgende:

- Handelsvoorraad, R171 020
- Skryfbehoeftes, R1 420
- Verpakkingsmateriaal wat gedurende die jaar gebruik is, beloop R11 220.

ii. Water en elektrisiteistrekening met ’n totaal van R3 180 is verskuldig vir Februarie 2021, sal eers op 10 Maart 2021 betaal word.

iii. ’n Bedrag van R2 100 is aan Reality Ads betaal op 25 Februarie 2021 vir ’n advertensie wat gedurende Maart 2021 sal verskyn.

iv. Huurinkomste sluit die huur vir Maart 2021 in. Huur is op 1 Januarie 2021 verhoog met R750 per maand.

v. Voorsiening vir oninbare skuld moet aangesuiwer word tot 5% van die debiteure.

vi. Die volgende inligting verskyn op die Bankstate wat van Nedbank ontvang is:

- Diensgeld, R1 120
- Internet bankkoste, R320
- Rente op oortrokke rekening, R170

vii. Die leningstaat wat van Nedbank ontvang is toon die volgende:

| | |
|---|---|
| Saldo op 1 Maart 2020 | 450 000 |
| Betalings gemaak gedurende die jaar [12 x R5 000] | 60 000 |
| Saldo op 28 Februarie 2021 | 399 860 |

viii. Waardevermindering vir die jaar bedra R33 030.

**40**

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 3: BALANSSTAAT** **(50 PUNTE; 40 MINUTE)**

3.1 Pas die konsep in Kolom A by die omskrywing in Kolom B. Skryf slegs die letters (A – E) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) in die ANTWOORDBOEK.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.1.1 Lopende saak | A Die vennootskap het genoeg bates om alle skuld te dek. |
| 3.1.2 Solvensie | B Analise van die finansiële posisie van die vennootskap. |
| 3.1.3 Balansstaat | C Die vennootskap toon die handelsvoorraad in die Balansstaat as R60 000, alhoewel beplan hulle om 'n uitverkoping gedurende die volgende maand te hou. Die voorraad sal dan vir R40 000 verkoop word. |
| 3.1.4 Likiditeit | D Die vennootskap moet dieselfde voorraadstelsel van die een finansiële jaar tot die volgende gebruik. |
| | E Die vennootskap is in staat om alle korttermynskuld af te betaal. |

(4)

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



3.2 **FRANKENSTEIN HANDELAARS**

**GEVRA:**

Berei die Eienaarsbelang-en Laste Afdeling van die Balansstaat op 28 Februarie 2021 voor. Wys alle berekenings met betrekking tot die notas in hakies. (18)

**INLIGTING:**

**Die volgende saldo's verskyn onder andere, in die Algemene Grootboek van Frankenstein Handelaars op 28 Februarie 2021.**

| | |
|---|---|
| Kapitaal: Frank | 200 000 |
| Kapitaal: Stein | 170 000 |
| Privaatrekening: Frank (Debiet) | 1 690 Dr |
| Privaatrekening Stein (Krediet) | 10 360 Cr |
| Tasbare bates teen drawaarde | 232 000 |
| Vaste Deposito: ABSA Bank (9% p.j.) | 70 000 |
| Lening: ABSA Bank (12%) | 40 000 |
| Handelsvoorraad | 85 980 |
| Debiteurekontrole | 64 000 |
| Krediteurekontrole | 9 070 |
| SAID: LBS | 3 500 |
| Bank (Krediet) | 20 250 Cr |
| Kleinkas | 1 200 |
| Wisselgeld | 400 |
| Voorsiening vir oninbare skuld | 890 |
| Pensioenfond | 500 |
| Vooruit ontvangde inkomste | 700 |

**A Aansuiwering en addisionele inligting**

i. Op 28 Februarie 2021 het Me Stein toerusting ter waarde van R15 000 en kontant van R15 000 bygedra om haar kapitaalbydrae gelyk te maak. Hierdie transaksie is nog nie aangeteken nie.

ii. Die vennote het ooreengekom om R20 000 van die lening voor 30 April 2021 af te betaal.

Downloaded from testpapers.co.za



3.3 **MARVELLOUS LEKKERGOEDWINKEL**

Die volgende inligting is geneem uit die rekeningkundige rekords van Marvellous Lekkergoedwinkel. Die winkel is ʼn vennootskap tussen Mnr. Marvel en Me. Lane.

**GEVRA:**

Berei die volgende notas voor soos dit in die Balansstaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021 sal verskyn.

- Kapitaal Nota (3)
- Privaatrekening Nota (25)

**INLIGTING:**

**A Die volgende saldo's het in die grootboek van MARVELLOUS LEKKERGOEDWINKEL op 28 Februarie 2021 verskyn.**

| | |
|---|---|
| Kapitaal: Mnr. Marvel | R360 000 |
| Kapitaal: Me. Lane | R760 000 |
| Privaatrekening: Mnr. Marvel | R2 300 (DT) |
| Privaatrekening: Me. Lane | R4 500 (KT) |
| Onttrekkings: Mnr. Marvel | R25 000 |
| Onttrekkings: Me. Lane | R30 000 |

**B Addisionele inligting**

i. Mnr. Marvel het voorraad ter waarde van R35 000 geneem. Dit is in sy persoonlike hoedanigheid as ʼn donasie aan die plaaslike liefdadigheidsorganisasie geskenk. Die transaksie is nie aangeteken nie.

ii. Op 1 Desember 2020 het Mnr. Marvel sy kapitaal verhoog met R175 000. Geen inskrywing van hierdiedie transaksie is gemaak nie.

iii. **Die vennootskapsooreenkoms het die volgende bepaal:**

- Vennote is geregtig op 15% p.j. rente op kapitaal op hulle kapitaal saldo's aan die einde van die finansiële jaar.
- Op 01 Januarie 2020 het Mnr. Marvel ʼn 10% verhoging op sy maandelikse salaris van R26 500 ontvang. Geen verdere verhogings was gegee nie.
- Me. Lane se salaris vir die jaar was R425 000.
- Aan die einde van die finansiële jaar het Me. Lane ʼn bonus gelykstaande aan 12% van haar jaarlikse salaris ontvang.
- Mnr. Marvel en Me. Lane verdeel die oorblywende wins of verlies in die verhouding 3:2.

iv. Me. Lane se gedeelte van die finale verdeling van die wins is R125 000.

v. Mnr. Marvel het ʼn bonus van R12 000 aan die einde van die finansiële jaar ontvang.

**50**

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 4: ONTLEDING EN VERTOLKING (30 PUNTE; 24 MINUTE)**

Die volgende inligting is onttrek uit die rekeningkundige rekords van Micro-touch. Micro-touch is ŉ vennootskap tussen Mike Ndlovu en Kate Terblanche.

**GEVRA:**

4.1 Bereken die volgende aanwysers vir 2021:

4.1.1 Vuurproefverhouding (4)

4.1.2 Skuld-ekwiteitsverhouding (3)

4.1.3 % opbrengs op gemiddelde ekwiteit wat deur die vennootskap verdien is (5)

4.2 Moet die vennote bekommerd wees oor die likiditeit van die onderneming vir 2021? Haal TWEE finansiële aanwysers aan. (5)

4.3 Micro-touch verkoop Latex ondersoekhandskoene aan dokters en apteke. Hulle oorweeg dit om hul produkreeks uit te brei na ontsmettingsmiddels en gesigsmaskers. Die vennote oorweeg dit om hul lening met R300 000 te verhoog.

4.3.1 Is dit ŉ goeie idee om R300 000 te leen? Haal EEN finansiële aanwyser aan om jou antwoord te staaf. (4)

4.3.2 Gee TWEE ander voorstelle wat die vennote kan oorweeg in plaas van om die lening te vergroot. (2)

4.4 Mike is bekommerd oor die % opbrengs wat hy verdien. Is dit ŉ geldige bekommernis? Haal EEN finansiële aanwyser aan om jou antwoord te staaf. (4)

4.5 Mike is nie tevrede met Kate se huidige bydraes tot die vennootskap nie. Hy besluit om ŉ vergadering te hou om die saak met haar te bespreek.
Noem DRIE punte wat hy tydens hierdie vergadering met haar moet bespreek. (3)

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



**INLIGTING:**

**Uittreksel uit die Balansstaat van Micro-Touch op 28 Februarie:**

| | 2021<br>R | 2020<br>R |
|---|---|---|
| Vaste Deposito: Nedbank (10% p.j.) | 300 000 | 390 000 |
| Bedryfsbates | 171 000 | 304 000 |
| Voorraad | 96 000 | 134 000 |
| Handels en ander ontvangbares | 64 000 | 45 000 |
| Kontant en kontant ekwivalente | 11 000 | 125 000 |
| Kapitaalrekeninge | 800 000 | 1 200 000 |
| Privaatrekeninge | 58 000 | 10 000 |
| Verbandlening : Nedbank (12% p.j.) | 240 000 | 135 000 |
| Bedryfslaste | 84 000 | 78 000 |

**Uittreksel van die Verdelings- en Privaatrekeninge van Vennote:**

| | Totaal 2021<br>R | Mike<br>R | Kate<br>R |
|---|---|---|---|
| Privaatrekeninge aan die begin van die jaar | 10 000 | 40 000 | (30 000) |
| Privaatrekeninge aan die einde van die jaar | 58 000 | 108 000 | (50 000) |
| Netto wins vir die jaar | 278 000 | | |
| Vennote se salarisse | 140 000 | 70 000 | 70 000 |
| Rente op kapitaal (6% p.j.) | 54 000 | 36 000 | 18 000 |
| Vennote se deel van oorblywende wins | 84 000 | 42 000 | 42 000 |
| Vennote se onttrekkings vir die jaar | 230 000 | 80 000 | 150 000 |

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za

**LET WEL:**

i. Elke vennoot het R600 000 as kapitaal bygedra toe die besigheid begin het, maar Kate het haar kapitaal halfpad deur die 2021 boekjaar verminder met R400 000.

ii. Mike het sy kapitaalbydrae gedurende die jaar gehandhaaf op R600 000. Hy het ook sy onttrekkings verminder om te verhoed dat die besigheid se bankrekening oortrokke raak.

**Finansiële aanwysers:**

| | **2021** | **2020** |
|---|---|---|
| % bedryfswins op verkope | 20% | 23% |
| % netto wins op verkope | 12% | 15% |
| Bedryfskapitaalverhouding | 2,2 : 1 | 3,9 : 1 |
| Vuurproefverhouding | ? | 2,2 : 1 |
| Skuld-ekwiteitsverhouding | ? | 0,1 : 1 |
| Opbrengs op ekwiteit: Mike | 22% | 29% |
| Opbrengs op ekwiteit: Kate | 36% | 21% |
| Opbrengs op ekwiteit van vennootskap | ? | 18% |

**30**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**

Downloaded from testpapers.co.za



**FORMULEBLAD**

| | | |
|---|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Totale verdienste deur vennoot}}{\text{Gemiddelde vennotebelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto Wins}}{\text{Gemiddelde Eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$ | |
| Bedryfsbates : Bedryfslaste | (Bedryfsbates - voorraad) : Bedryfslaste | |
| $\frac{Gemiddeldedebiteure}{Krediet\ verkope} \times \frac{365}{1}\ of\ \frac{12}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaankope of koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ of $\frac{12}{1}$ | |
| $\frac{Gemiddelde\ Voorraad}{Koste\ van\ Verkope} \times \frac{365}{1}\ of\ \frac{12}{1}$ | $\frac{Koste\ van\ Verkope}{Gemiddelde\ Voorraad}$ | |
| Nie Bedryfslaste : Vennotebelang | Totale bates : Totale Laste | |

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# NOVEMBER 2021

## GRAAD 11

# REKENINGKUNDE
# VRAESTEL 1

# ANTWOORDBOEK

EXEMPLAR

**TYD:** **2 uur**

**PUNTE:** **150**

**10 bladsye**

| | |
|---|---|
| Naam van skool: | |
| Naam van leerder: | |
| Graad: | |

| VRAAG | MAKSIMUM PUNTE | PUNTE TOEGEKEN | GEMODEREER |
|---|---|---|---|
| 1 | 30 | | |
| 2 | 40 | | |
| 3 | 50 | | |
| 4 | 30 | | |
| TOTAAL | 150 | | |

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 1.1**

| | |
|---|---|
| 1.1.1 | |
| 1.1.2 | |
| 1.1.3 | |
| 1.1.4 | |
| 1.1.5 | |

| |
|---|
| 5 |

**VRAAG 1.2**

1.2.1

| **Waardevermindering op toerusting** | **BEDRAG** |
|---|---|
| **Ou toerusting** | |
| **Nuwe toerusting** | |
| **Totale waardevermindering vir die jaar** | |

| |
|---|
| 5 |

1.2.2

| **Waardevermindering op voertuie** | **BEDRAG** |
|---|---|
| **Waardevermindering op voertuig verkoop** | |

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



| | |
|---|---|
| **Waardevermindering op oorblywende voertuie** | |
| **Totale waardevermindering vir die jaar** | |

| |
|---|
| |
| **8** |

1.2.3...**VASTE/TASBARE BATES**

| | **VOERTUIE** | **TOERUSTING** |
|---|---|---|
| Drawaarde aan die begin van die jaar | | |
| Kosprys | **2 680 000** | **810 000** |
| Opgehoopte waardevermindering | **(1 060 000)** | **(240 000)** |
| **Bewegings** | | |
| Toevoeging teen kosprys | | |
| Verkoop teen drawaarde | | |
| Waardevermindering | | |
| Drawaarde aan die einde van die jaar | | |
| Kosprys | | |
| Opgehoopte waardevermindering | | |

| |
|---|
| |
| **12** |

| **TOTAAL** |
|---|
| |
| **30** |

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 2**

**INKOMSTESTAAT VAN WESTVILLE HANDELAARS VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2021**

| | | |
|---|---|---|
| Verkope | | |
| Koste van verkope | | **467 630** |
| **Bruto wins** | | |
| **Ander bedryfsinkomste** | | |
| Huurinkomste | | |
| Voorsiening vir oninbare skuld aangesuiwer | | |
| Korting ontvang | | **17 550** |
| **Bruto bedryfsinkomste** | | |
| **Bedryfsuitgawes** | | |
| Oninbare skuld | | **1 020** |
| Skryfbehoeftes | | |
| Verpakkingsmateriaal | | |
| Salarisse en lone | | **175 170** |
| Water- en elektrisiteitsrekeninge | | |
| Versekering | | **15 460** |
| Advertensie | | |
| Telefoon | | **21 570** |
| Motoruitgawes | | **25 840** |
| Onderhoud | | **13 710** |
| Korting toegestaan | | |
| Bankkoste | | |
| Handelsvoorraad tekort | | |
| Waardevermindering | | |
| **Bedryfswins** | | |
| Rente inkomste | | **10 000** |
| **Wins voor renteuitgawe** | | |
| Rente uitgawe | | |
| **Netto wins vir die jaar** | | |

| |
|---|
| 40 |

| TOTAAL |
|---|
| |
| 40 |

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 3**

| | |
|---|---|
| 3.1.1 | |
| 3.1.2 | |
| 3.1.3 | |
| 3.1.4 | |

**4**

3.2 **FRANKENSTEIN HANDELAARS**

**Uittreksel van die Balansstaat op 28 Februarie 2021**

| | | |
|---|---|---|
| **EKWITEIT EN LASTE** | | |
| **Eienaarsbelang** | | |
| Kapitaal | | |
| | | |
| Privaatrekeninge | | |
| **Nie-bedryfslaste** | | |
| | | |
| **Bedryfslaste** | | |
| Handels en ander betaalbares | | |
| | | |
| | | |
| **Totale ekwiteit en laste** | | |

**18**

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



3.3 **MARVELLOUS LEKKERGOEDWINKEL**

| KAPITAAL | Mnr. Marvel | Me. Lane |
|---|---|---|
| Saldo op die begin van die jaar | | **760 000** |
| Bydrae van kapitaal gedurende die jaar | | |
| Onttrekkings van kapitaal gedurende die jaar | | |
| Saldo aan die einde van die jaar | | **760 000** |

| |
|---|
| |
| 3 |

| PRIVAATREKENINGE | Mnr. Marvel | Me. Lane |
|---|---|---|
| Wins soos per Inkomstestaat | | |
| Vennote se salarisse | | |
| Vennote se bonusse | | |
| Rente op kapitaal | | |
| Primêre verdeling van wins | | |
| Finale verdeling van wins | | **125 000** |
| Onttrekkings gedurende die jaar | | |
| Behoue inkomste vir die jaar | | |
| Behoue inkomste aan die begin van die jaar | | |
| Behoue inkomste aan die einde van die jaar | | |

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



| Berekening : Rente op kapitaal | |
|---|---|
| Mnr. Marvel | Me. Lane |
| Berekening: Salaris Mnr. Marvel | Berekening: Bonus Me. Lane |
| Berekening: Finale verdeling Mnr. Marvel | |

| |
|---|
| |
| 25 |

| TOTAAL |
|---|
| |
| 50 |

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 4**

**BEREKENING VAN DIE FINANSIËLE AANWYSERS VIR 2021**

| | |
|---|---|
| 4.1.1 **Vuurproefverhouding:** | 4 |
| 4.1.2 **Skuld-ekwiteitsverhouding:** | 3 |
| 4.1.3 **% opbrengs op die gemiddelde ekwiteit verdien deur die vennootskap:** | 5 |

| | |
|---|---|
| 4.2 **Moet die vennote bekommerd wees oor die likiditeit van die onderneming vir 2021? Haal TWEE finansiële aanwysers aan.** | |
| | 5 |

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



4.3.1 **Is dit 'n goeie idee om R300 000 te leen? Haal EEN finansiële aanwyser aan om jou antwoord te staaf.**

| |
|---|
| |

4

4.3.2 **Verskaf TWEE ander voorstelle wat die vennote kan oorweeg in plaas van om die lening te vergroot.**

| |
|---|
| |

2

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za

| 4.4 | **Mike is bekommerd oor die % opbrengs wat hy verdien. Is dit 'n geldige bekommernis? Haal EEN finansiële aanwyser aan om jou antwoord te staaf.** |
|---|---|
| | |

| |
|---|
| **4** |

| 4.5 | **Mike is nie tevrede met Kate se huidige bydraes tot die vennootskap nie. Hy het besluit om 'n vergadering te hou om die saak met haar te bespreek.**<br>**Noem DRIE punte wat hy tydens hierdie vergadering met haar moet bespreek.** |
|---|---|
| | |

| |
|---|
| **3** |

| **TOTAAL** |
|---|
| |
| **30** |

**TOTAAL: 150**

**EINDE**

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE EKSAMEN

# NOVEMBER 2021

# GRAAD 11

**REKENINGKUNDE (VRAESTEL 1)**

EXEMPLAR

# NASIENRIGLYNE

| VRAAG | TOTAAL |
|---|---|
| Vraag 1 | 30 |
| Vraag 2 | 40 |
| Vraag 3 | 50 |
| Vraag 4 | 30 |
| **TOTAAL** | **150** |

**9 bladsye**

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 1.1**

| | |
|---|---|
| 1.1.1 | Oorblywende ✓ |
| 1.1.2 | AARP ✓ |
| 1.1.3 | Parings ✓ |
| 1.1.4 | Waardevermindering ✓ |
| 1.1.5 | Opgehoopte waardevermindering ✓ |

5

**VRAAG 1.2**

1.2.1

| **Waardevermindering op toerusting** | **BEDRAG** |
|---|---|
| **Ou toerusting**<br>810 000 x 20% | 162 000 ☑ |
| **Nuwe toerusting**<br>120 000 ✓ x 20% x 3/12 ✓ = | 6 000 ☑ |
| **Totale waardevermindering vir die jaar** | 168 000 ☑ |

5

1.2.2

| **Waardeverminderings op voertuie** | **BEDRAG** |
|---|---|
| **Waardevermindering op voertuig verkoop**<br>320 000 – 46 400 = 273 600 ✓ x 10/100 x 6/12 ✓ | 13 680 ☑ |

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



| **Waardevermindering op oorblywende voertuie**<br>2 680 000 – 320 000 = 2 360 000 ✓<br>1 060 000 – 46 400 = 1 013 600 ✓<br>2 360 000 – 1 013 600 = 1 346 400 ☑ x 10% | 134 640 ☑ |
|---|---|
| **Totale waardevermindering vir die jaar** | 148 320 ☑ |

| |
|---|
| 8 |

| 1.2.3 **VASTE/TASBARE BATES** | **VOERTUIE** | | **TOERUSTING** | |
|---|---|---|---|---|
| Drawaarde aan die begin van die jaar | 1 620 000 | ✓ | 570 000 | ✓ |
| Kosprys | **2 680 000** | | **810 000** | |
| Opgehoopte waardevermindering | **(1 060 000)** | | **(240 000)** | |
| **Bewegings** | | | | |
| Toevoeging teen kosprys | | | 120 000 | ✓ |
| Verkoop teen drawaarde (320 000 – [46 400 + 13 680]) | (259 920) | ☑ | | |
| Waardevermindering | sien 1.2.2 (148 320) | ☑ | sien 1.2.1 (168 000) | ☑ |
| Drawaarde aan die einde van die jaar | 1 211 760 | ☑ | 522 000 | ☑ |
| Kosprys | 2 360 000 | ☑ | 930 000 | ☑ |
| Waardevermindering | (1 148 240) | ☑ | (408 000) | ☑ |

| |
|---|
| 12 |

| TOTAAL |
|---|
| |
| 30 |

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 2**

**INKOMSTESTAAT VAN WESTVILLE HANDELAARS VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2021**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Verkope (945 300✓ – 28 620 ✓) | 3 | 925 680 | ☑ |
| Koste van verkope | | **(467 630)** | |
| **Bruto wins** | 1 | 458 050 | ☑ |
| **Ander bedryfsinkomste** | 1 | 109 575 | ☑ |
| Huurinkomste (99 750 ✓ – 8 250 ✓✓) | 4 | 91 500 | ☑ |
| Voorsiening vir oninbare skuld aangesuiwer (3 500 ✓ – 2 975 ✓) | 3 | 525 | ☑ |
| Korting ontvang | | **17 550** | |
| **Bruto bedryfsinkomste** | 1 | 567 625 | ☑ |
| **Bedryfsuitgawes** | 1 | (390 660) | ☑ |
| Oninbare skuld | | **1 020** | |
| Skryfbehoeftes (12 520 ✓ – 1 420 ✓) | 3 | 11 100 | ☑ |
| Verpakkingsmateriaal | 1 | 11 220 | ✓ |
| Salarisse en lone | | **175 170** | |
| Water- en elektrisiteitsrekening (45 210 ✓ + 3 180 ✓) | 3 | 48 390 | ☑ |
| Versekering | | **15 460** | |
| Advertensie (17 080 ✓ – 2 100 ✓) | 3 | 14 980 | ☑ |
| Telefoon | | **21 570** | |
| Motoruitgawes | | **25 840** | |
| Onderhoud | | **13 710** | |
| Korting toegestaan | 1 | 11 070 | |
| Bankkoste (3 560 ✓ + 320 ✓ + 1 120 ✓) | 4 | 5 000 | ✓ |
| Handelsvoorraad tekort (174 120 – 171 020) | 2 | 3 100 | ✓☑ |
| Waardevermindering | 1 | 33 030 | ✓ |
| **Bedryfswins** | 1 | 176 965 | ☑ |
| Rente inkomste | | **10 000** | |
| **Wins voor renteuitgawe** | 1 | 186 965 | ☑ |
| Rente uitgawe (1 610 ✓ + 170 ✓ + 9 860 ✓) | 4 | (11 640) | ☑ |
| **Netto wins vir die jaar** | 2 | 175 325 | ✓☑ |

| |
|---|
| |
| **40** |

| **TOTAAL** |
|---|
| |
| **40** |

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 3**

| | |
|---|---|
| 3.1.1 | C ✓ |
| 3.1.2 | A ✓ |
| 3.1.3 | B ✓ |
| 3.1.4 | E ✓ |

| |
|---|
| 4 |

3.2 **FRANKENSTEIN HANDELAARS**

**Uittreksel van die Balansstaat op 28 Februarie 2021**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | |
| **Eienaarsbelang** | | 408 670 | |
| Kapitaal (200 000✓ + 170 000✓ + 30 000✓) | 4 | 400 00 | ☑ |
| Privaatrekeninge (10 360 – 1 690) | 2 | 8 670 | ✓☑ |
| **Nie-bedryfslaste** | | | |
| Lening: ABSA (40 000 – 20 000) | 2 | 20 000 | ✓✓ |
| **Bedryfslaste** | 1 | 39 020 | ☑ |
| Handels en ander betaalbares (9 070✓ + 3 500✓ + 500✓ + 700✓) | 5 | 13 770 | ☑ |
| Oortrokkebank (20 250 – 15 000) | 2 | 5 250 | ✓☑ |
| Korttermyn lening | 1 | 20 000 | ☑ |
| **Totale ekwiteit en laste** | 1 | 467 690 | ☑ |

| |
|---|
| 18 |

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



3.3 **MARVELLOUS LEKKERGOEDWINKEL**

| **KAPITAAL** | **Mnr. Marvel** | **Me. Lane** |
|---|---|---|
| Saldo aan die begin van die jaar | 360 000 ✓ | **760 000** |
| Bydrae van kapitaal gedurende die jaar | 175 000 ✓ | |
| Onttrekkings van kapitaal gedurende die jaar | | |
| Saldo aan die einde van die jaar | 535 000 ☑ | **760 000** |

| |
|---|
| 3 |

| **PRIVAATREKENINGE** | **Mnr. Marvel** | **Me. Lane** |
|---|---|---|
| Wins soos per Inkomstestaat | 629 550 ☑ | 715 000 ☑ |
| Vennote se salarisse | 349 800 ☑✓ | 425 000 ✓ |
| Vennote se bonusse | 12 000 ✓ | 51 000 ☑✓ |
| Rente op kapitaal | 80 250 ✓✓ | 114 000 ✓✓ |
| Primêre verdeling van wins | 442 050 ☑ | 590 000 ☑ |
| Finale verdeling van wins | 187 500 ☑✓ | **125 000** |
| Onttrekkings gedurende die jaar *(25 000 + 35 000) | *(60 000) ✓✓ | (30 000) ✓ |
| Behoue inkomste vir die jaar | 569 550 ☑ | 685 000 ☑ |
| Behoue inkomste aan die begin van die jaar | (2 300) ✓ | 4 500 ✓ |
| Behoue inkomste aan die einde van die jaar | 567 250 ☑ | 689 500 ☑ |

| |
|---|
| 25 |

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



| **Berekening: Rente op kapitaal** | |
|---|---|
| **Mnr. Marvel**<br>535 000 x 15% = 80 250 | **Me. Lane**<br>760 000 x 15% = 114 000 |
| **Berekening: Salaris Mnr. Marvel**<br>26 500 x 1,1 = 29 150<br>29 150 x 12 = 349 800 | **Berekening: Bonus Me. Lane**<br>425 000 x 12% = 51 000 |
| **Berekening: Finale verdeling Mnr. Marvel**<br>125 000 x 3/2 = 187 500 | |

| |
|---|
| **25** |

| **TOTAAL** |
|---|
| |
| **50** |

**VRAAG 4**

4.1 **BEREKEN DIE FINANSIËLE AANWYSERS VIR 2021**

4.1.1 **Vuurproefverhouding:**

64 000 ✓ + 11 000 ✓ : 84 000 ✓

**OF**

171 000 ✓ – 96 000 ✓ : 84 000 ✓

**OF**

75 000 ✓✓ : 84 000 ✓

= 0,9 : 1 ☑ **aanvaar 0,89 : 1**

| |
|---|
| **4** |



EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



4.1.2 **Skuld-ekwiteitsverhouding:**

240 000 ✓ : 858 000 ✓

0,3 : 1 ☑ **aanvaar 0,27 : 1**

3

4.1.3 **% opbrengs op die gemiddelde ekwiteit verdien deur die vennootskap:**

$$\frac{278\ 000✓}{½ ✓(858\ 000✓ + 1\ 210\ 000✓)} \times \frac{100}{1}$$

**OF**

$$\frac{278\ 000\ ✓}{½\ ✓(2\ 068\ 000\ ✓✓)}\ x\ \frac{100}{1}$$

**OF**

$$\frac{278\ 000\ ✓}{(1\ 034\ 000✓✓✓)} \times \frac{100}{1}$$

= 27% ☑ **aanvaar 26.9%**

5

4.2 **Moet die vennote bekommerd wees oor die likiditeit van die onderneming vir 2021? Haal TWEE finansiële aanwysers aan.**

*Kommentaar ✓* *Aanwyser ✓✓* *Syfers ✓✓*

Bedryfskapitaalverhouding verminder van 3,9 : 1 in 2020 tot 2,2 : 1 in 2021.
Vuurproefverhouding verminder van 2,1 : 1 tot 0,9 / 0,89 : 1 in 2021.

Die vennote hoef nie bekommerd te wees oor die likiditeit van die besigheid nie.
Hulle behoort geen probleme te ondervind om hulle korttermyn skuld te betaal nie.
Die likiditeitsverhoudings is baie meer doeltreffend in 2021 aangesien dit te hoog was in 2020.

5

4.3.1 **Is dit 'n goeie idee om R300 000 te leen? Haal EEN finansiële aanwyser aan om jou antwoord te staaf.**

*Kommentaar ✓✓* *Aanwyser ✓* *Syfers✓*

Skuld-ekwiteitsverhouding het verhoog van 0,1 : 1 in 2020 tot 0,3 : 1 in 2021.
Ja, die vennootskap is laag gerat/het 'n lae risiko. Hulle maak nie baie

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



gebruik van lenings nie.

**OF**

Nee, indien hulle R300 000 leen sal die Skuld-ekwiteitsverhouding verhoog tot 0,6 : 1 wat die risiko verhoog omdat daar hoër rente en terugbetaling sal wees.

**4**

4.3.2 **Verskaf TWEE ander voorstelle wat die vennote kan oorweeg in plaas van om die lening te vergroot.**

*Twee geldige voorstelle ✓✓*

- Verhoog die kapitaal bydraes
- Kry nog 'n vennoot
- Gebruik die vaste deposito

**2**

4.4 **Mike is bekommerd oor die % opbrengs wat hy verdien. Is dit 'n geldige bekommernis? Haal EEN finansiële aanwyser aan om jou antwoord te staaf.**

*Verduideliking ✓✓ Syfers ✓✓*

Mike moet bekommerd wees oor sy % opbrengs omdat dit verminder het van 29% in 2020 tot 22% in 2021, Terwyl Kate se % opbrengs op eienaarsbelang het vermeerder van 21% in 2020 tot 36% in 2019

**4**

4.5 **Mike is nie tevrede met Kate se huidige bydraes tot die vennootskap nie. Hy het besluit om 'n vergadering te hou om die saak met haar te bespreek. Noem DRIE punte wat hy tydens hierdie vergadering met haar moet bespreek.**

*Drie geldige punte ✓✓✓*

- Kate het R400 000 van haar kapitaalbydrae onttrek gedurende die jaar.
- Kate het 'n negatiewe privaatrekening as gevolg van onttrekkings.
- Hulle ontvang dieselfde salaris, en hulle doen nie noodwendig dieselfde hoeveelheid werk nie.
- Hulle moet weer oor die vennootskapsooreenkoms onderhandel aangesien dit nie regverdig is teenoor Mike nie. Hy verskaf 75% van die kapitaal en het nie al sy verdienste onttrek nie, maar tog verdien hy 'n laer opbrengs.

**3**

| TOTAAL |
|---|
| |
| 30 |

**TOTAAL: 150**

EXEMPLAR